

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

ds. PJ Kriel

Geloofsgehoorsaamheid 01

15.07.2018

Inhoud Hierdie preek wys die verskil uit tussen geestelikes se uitvoer van God se bevel en die geloofsgehoorsaamheid van die kerk van Christus. Die uitvoer van God se bevel deur geestelikes is nie gehoorsaamheid aan God nie. Gehoorsaamheid aan God is liefdevolle diens en diensbare liefde aan God volgens sy wet. Net Christus was en is as mens só gehoorsaam aan God, geen ander mens nie. Geloofsgehoorsaamheid is die gehoorsaamheid wat Christus skep in hulle wie Hy insluit en laat deel in sy gehoorsaamheid om hulle só vir God reg te maak, reg te hou en reg te laat wees – deur sy gehoorsaamheid. Só maak Hy sondaars mense wat God liefdevol kan dien omdat hulle vir God reg is en nie hulle self moet opoffer om vir God reg te wees nie. Geestelikes is mense wat hulle self opoffer om hulle self vir God reg te maak en sy bevel uit te voer. Hulle is nooit geloofsgehoorsaam aan God nie.

Skriflesing Romeine 1: 1- 6; Rom. 12: 16: 25, 26; Filippense 3: 3 – 12.

Teks Romeine 12: En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: gee julle self aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen.

Tema Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

1. Daar is 'n groot verskil tussen die uitvoer van bevel deur troepe en die gehoorsaamheid van kinders aan hulle ouers.

Die manier waarop troepe in die weermag bevel ontvang en uitvoer, kan nie, en word ook nêrens in enige weermag in die wêreld "gehoorsaamheid" genoem nie. Dit is heeltemal onvanpas om dit wat troepe in die weermag geleer word om te doen, en dit wat hulle doen, "gehoorsaamheid" te noem.

Hulle ontvang en voer bevel uit. Hulle gehoorsaam nie die korporaal of generaal nie. Hulle doen net wat vir hulle gesê word om te doen.

Kinders se gehoorsaamheid aan hulle ouers is totaal iets anders. Ouers verwag nie van hulle kinders om bevel te ontvang en uit te voer nie. Hulle verwag gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid gaan oor die liefdevolle diensbaarheid en diensbare liefde van kinders wat deel is en versorg word in hulle ouers se liefde.

Troepe is nie met diensbare liefde en liefdevolle diens besig nie, en hulle is ook nie deel van die liefde van hulle korporaal of generaal nie. Hulle is troepe wat net moet doen wat hulle beveel word.

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

2. Paulus stel in die brief Romeine die geloofsgehoorsaamheid en dit wat hy in Romeine 3: 20 in die Grieks noem “die werke van die wet”, as twee teenoorstaande sake aan die orde. Hierdie “werke van die wet” is vertaal as die nakoming of onderhouding van die wet. Geloofsgehoorsaamheid en die onderhouding van die wet is twee heeltemal verskillende sake.

Die hele brief Romeine gaan oor die nuwe tipe wyse waarop gelowiges God gehoorsaam is en daarom word hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid van gelowiges deur Paulus as “geloofsgehoorsaamheid” beskryf in Rom. 1: 5 en 16: 25. Hierdie tema van geloofsgehoorsaamheid is die begin en einde van die brief van Paulus. Dit omsluit en omarm alles wat hy in die brief verkondig.

Paulus se evangelieverkondiging se doel is nie die regverdigmaking, in die sin van die die vrymaak van sondeskuld en straf of selfs eers die vrypraak van God se oordeel nie. Dit sluit dit ook in, maar dit is meer. Hy stel dit self só aan die begin van die brief: “Jesus Christus, ons Here ⁵ deur wie ek die genade van die apostelskap ontvang het om tot eer van sy Naam heidene tot geloofsgehoorsaamheid te bring.” (NDV), en só aan die einde van die brief: “ volgens die evangelie van Jesus Christus wat ek verkondig ... en aan alle nasies bekend gemaak is om hulle tot geloofsgehoorsaamheid te bring” (NDV 16:25, 26)

Deur die evangelie van Jesus kom mense uit alle nasies tot geloofsgehoorsaamheid aan God!

3. Die evangelie word in Romeine 1: 16 genoem die krag van God tot verlossing, vir elkeen wat glo, eerste vir Jood, maar ook vir die Griek.” Christus verlos Jode en Grieke tot geloofsgehoorsaamheid aan God.

Dit beteken dat Christus die Jode en Grieke verlos van die wyse die wyse waarop hulle gehoorsaam is aan God en hul gode. Hierdie krag van die evangelie is iets wat ons maklik kan miskyk of verkeerd verstaan. Dit is natuurlik om te wil verstaan dat die Here ons van straf, skuld en oordeel verlos, maar dit is nie die bedoeling van die Here se verlossing nie. Die bedoeling is om ons te verlos van die wyse waarop ons net doen wat God beveel sodat ons geloofsgehoorsaam aan God kan wees.

Klink dit vir u na verlossing? Dit klink vir ons eintlik glad nie na verlossing nie, omdat ons verlossing altyd koppel aan sondeskuld, sondestraf en sondeoordeel.

4. Kom ons kyk of ons voorbeeld ons kan help!

Verlossing volgens Paulus is dat die Here Jesus jou loskoop van 'n lewe waar jy vir altyd 'n troep in die weermag gaan wees en deel maak van 'n nuwe lewe waarin jy vir altyd 'n kind van jou vader in sy huis sal wees. Hierdie tipe verlossing beteken die

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

generaal van die weermag koop jou los van jou diensplig en neem jou as sy kind aan. Verlossing beteken die generaal maak homself jou vader.

Paulus stel hierdie verskil, wat ons as die verskil tussen troepe en kinders verduidelik, in Romeine hoofstuk 8 as die verskil tussen slawe en kinders, en verklaar dan dat God ons verlos het om sy slawe te wees deur ons as sy kinders aan te neem wat Hom aanroep as ons Vader wat in die hemel is. Rom. 8: 14 – 17.

Om verlos te wees van 'n lewe waarin God altyd jou generaal is, jy altyd die troep is, die dominees die kolonels en die geestelikes die korporaals is, tot 'n lewe waarin God die Vader jou Vader is en jy 'n kind van God is, is mos totaal iets anders waar verlossing beteken die korporaal vergewe jou dat jy nog nie geleer het om net jou bevel uit te voer nie, en jou weer dissiplineer om net opdragte uit te voer!

5. Die enigste persoon van wie verkondig word dat Hy as mens self gehoorsaam aan God is, soos mense aan God gehoorsaam moet wees, in Romeine, is Jesus Christus! Die woord “gehoorsaamheid” in die Grieks word in Romeine net van en vir Christus gebruik.

Paulus stel dit só: “Want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens (dit is Adam, in Genesis 3) baie mense tot sondaars gemaak is, so ook sal deur die gehoorsaamheid van die Een baie mense geregverdig word.” 5: 19

Al die ander verwysings na ons gehoorsaamheid aan god het in Romeine die betekenis van “geloofsgehoorsaamheid”.

Hierdie verklaring van Paulus dat Christus die enigste mens is wat self aan God gehoorsaam was en vandag is, is in stryd met die tipe manier waarin Paulus as kind opgevoed was, en wat hy as tiener en volwasse man uitgeleef het om na god se wete te luister. Volgens die Joodse geestelikheid kon en moes elke mens self aan God gehoorsaam gewees het, maar Paulus stel dat hierdie onderhouding van die wet was nooit gehoorsaamheid aan God nie.

Dit sien ons ook in wie Paulus was voor hy tot geloof gekom het. Die manier waarop Paulus as Jood na die wet van God geluister het, beskryf hy self in die brief aan die gemeente van Filippi met die sin “in my ywer 'n vervolger van die kerk, die onderhouding van die wet van Moses om vryspraak (dit is regverdigheid) te kry, onberispelik.”

Onberispelik waarin? Onberispelik om jouself met jou sondes vir God reg te maak, jouself in jou lewe vir God reg te hou en jouself vir die toekoms vir God reg te kry. Jode se onderhouding van die wet is om hulle self vir God reg te maak, reg te hou en reg te kry, volgens die wet van God.

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

6. Hierdie tipe onderhouding van die wet van God, om onberispelik te wees in jou poging om vir God reg te wees, is volgens Paulus nie gehoorsaamheid aan God nie en ook nie geloofsgehoorsaamheid nie. Hy noem dit iets anders: dit is net die doen van die werke van die wet! Dit is nie gehoorsaamheid aan God nie! Rom. 3: 20.

Dit is soos met die verskil tussen troepe en kinders!

Die onberispelike uitvoer van die bevel van die generaal en sy korporels, is net totaal iets anders as die gehoorsaamheid van kinders aan hulle ouers! Jy kan nie die gehoorsaamheid van kinders aan hul ouers voorhou as dieselfde as die dissipline van troepe om net te doen wat hul bevel word nie.

Die dissipline om bevel uit te voer is totaal iets anders as die gehoorsaamheid van kinders!

Daarom is dit waarmee Paulus as Jood besig was, die onberispelike uitvoer van die bevel van God om Homself reg te maak, reg te hou en reg te kry vir God. Dit was nooit gehoorsaamheid aan God nie! Daarom noem hy dit die “werke van die wet”, om te doen wat God jou bevel en noem hy dit nooit gehoorsaamheid aan God nie.

Inteendeel! In Filippense 3 stel hy dat hy sy hele lewe en elke deel van sy lewe waar hy God se troep was, wat elke bevel van God onberispelik uitgevoer het, met minagting verwerp, hy verwerp dit as vuil en beskryf dit in die Grieks as “skade” aan Hom en God. Sy lewe van bevel gehoorsaam was ’n lewe van skade en verlies!

Volgens ons voorbeeld klink dit dan só: die lewe en elke deel van sy lewe waarin God sy generaal was met al die geestelike korporels wat vir hom God se bevel gegee het, is ’n lewe van skade en verlies, nie van gehoorsaamheid aan God nie.

Hoe so?

Want daardeur het hy die lewe verloor waarin God sy Vader is en hy God se kind is! ’n Lewe waarin hy God se gehoorsame kind kon gewees het. Hy het met sy uitvoer van god se bevel die lewe verloor en verlies gedra dat hy nie uit God se liefde vir hom, God liefdevol gedien het nie.

7. Hoe verander Christus ’n lewe van bevel gehoorsaam na ’n lewe van die liefdevolle gehoorsaamheid van ’n kind van God?

Die ontdekking lê in eenheid van twee woorde in die brief Romeine: “gehoorsaamheid” en “geloofsgehoorsaamheid!”

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

Net Christus as mens was en is aan God gehoorsaam. Want gehoorsaamheid aan God is liefdevolle diens en diensbare liefde volgens God se wet. Dit is nie net die onberispelike uitvoer van bevel nie.

In die onberispelike uitvoer van bevel ontbreek alles wat gehoorsaamheid aan God is: liefdevolle diens aan God en diensbare liefde aan God. Troepe word gedril om nie self te dink nie, nie self besluite te neem nie, nie self beheer van hulle lewe te hê nie, hul self op te offer en oor te gee aan bevel aan bevel wat hulle nie verstaan of mag probeer verstaan nie. Hulle mag self geen eie lewe, eie waarde of eie persoon hê nie. Hulle is selflose troepe wat net bevel willoos, karakterloos en persoonloos moet uitvoer!

Christus se gehoorsaamheid was diensbare liefde en liefdevolle diens aan sy Vader volgens sy wil. Christus het Homself gegee in liefde om lief te hê en te dien. Hy het nie selfloos geword net om bevel uit te voer nie.

Dit is gehoorsaamheid en volgens die evangelie is daar net Een gehoorsame Mens: Jesus Christus self!

Deur hierdie magsdaad maak Christus God sy Vader ons Vader. Hy maak van God as generaal ons Vader wat ons loskoop om sy troepe te wees en as sy kinders aanneem. Die gehoorsaamheid van Christus verander ons van God se troepe na God se kinders!

8. In hulle wat Christus as God se kinders aangeneem het, skep Jesus Christus geloofsgehoorsaamheid! Die nuwe gehoorsaamheid anders as net die uitvoer van opdragte deur troepe.

Paulus beskryf hierdie geloofsgehoorsaamheid in sy oproep tot die nuwe Christelike lewe in Romeine 12: 1 “En nou doen ek ’n beroep op julle broers, op grond van die groot ontferming van God, gee julle self aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen.”

Hierdie is ’n beskrywing van dit wat Paulus geloofsgehoorsaamheid noem. Hierdie is iets heeltemal anders as die doen van werke van die wet, om God se bevel uit te voer!

Kom ons kyk hoe verskil geloofsgehoorsaamheid van die uitvoer van God se bevel!

Die belangrikste verskil is die ontferming van God. God se barmhartige ontferming het Paulus van hoofstuk 1 tot 10 beskryf: Christus maak goddeloses regverdig! Rom. 5: 6. Dit is presies die teenoorgestelde van die geestelikheid dat jy jouself vir God

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

moet regmaak, reghou en regkry! Christus maak jou reg vir God. Christus hou jou reg vir God en Christus kry jou reg vir God!

En dit doen Hy deur jou in te sluit en te laat deel in die enigste gehoorsaamheid van 'n mens wat vir God reg, goed, heilig en aanneemlik was, die liefdevolle diens en diensbare liefde van Jesus Christus self.

Dit is wat die Here deur sy dood en opstanding bewerk: Hy is in ons plek sonder sodat ons in Hom en sy gehoorsaamheid vir God ingesluit word om vir God altyd reg te wees, al doen ons sonde.

Geloofsgehoorsaamheid is om jouself aan God te gee, in die geloof dat jy vir God reg is deur die gehoorsaamheid van Christus by wie jy ingesluit is en nie reg is deur jou eie gehoorsaamheid nie! Om jouself vir God te gee uit die geloof dat jy vir God reg is, is totaal iets anders as om jouself vir God reg te maak, reg te hou en reg te kry deur sy bevel as God uit te voer.

9. Geloofsgehoorsaamheid is om jouself te gee!

Wat moet troepe met hulself doen om bevel uit te voer?

Hulle moet hulself, hul eie lewe, hul eie denke, hul eie persoon en eie wil prysgee, self opgee, self niks maak, self ontken en niks meer self wees nie. Hierdie is die selfopoffering wat hulle troepe maak. Hulle moet vir hulself dood wees sodat hul in hul self leeg is en niks is nie. Só is hulle troepe wat net bevel ontvang en uitvoer.

Gehoorsaamheid is nie om jouself niks te maak en self op te offer nie. Hierdie tipe offer om jouself op te offer en prys te gee, is juis die dooie offer wat die teendeel is van die lewende offer wat ons vir God moet wees. Die offer vir God is nie om jouself dood te maak vir God nie. Dit is nou 'n lewende offer. Jy moet jouself gee. Jouself soos jy lewendig is.

Ons kan dit weer vergelyk met die verskil tussen kinders en troepe! Wat moet jy leer as die generaal nie meer jou generaal is nie, maar jou as sy kind aanneem en jy sy kind is? Jy moet leef om jouself te wees en jouself te gee! Jouself te wees volgens jou eie gevoelens, jou eie gedagtes, jou eie beplanning, jou eie bestuur en beheer van jou eie aanspreeklikheid en verantwoordelikheid, en jouself so te gee in liefdevolle diens en diensbare liefde volgens die wil van God jou Vader.

Jy mag nooit weer jouself opoffer soos 'n troep om net bevel te gehoorsaam nie. Jy moet jouself wees om jouself in diensbare liefde en liefdevolle diens te gee.

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

Jy moet met jou gedagtes besig wees met die wil van God, nie jou eie gedagte opgee nie; jy moet met jou gevoelens 'n aanvoeling kry vir wat vir God reg, en goed en aanneemlik is, nie jou eie gevoelens ontken of opgee nie; jy moet jou eie planne maak hoe jy gaan doen wat die Here jou as taak en roeping gegee het, jy mag nie jou eie planne opgee of nie jou eie planne maak nie; jy moet aanspreeklikheid en verantwoordelikheid opneem vir die tyd, gawes en diensgeleenthede wat God aan jou gee. Jy mag nie die beheer van jou lewe se aanspreeklikheid en verantwoordelikhede opgee en vir God gee nie; jy moet vir God die mens wees wat God jou gemaak het en die lewe wat God jou gee vir Hom leef. Jy mag nie jouself niks maak en niks wees vir God nie

Want jy is nou god die Vader se kind wat Hom in en uit geloof gehoorsaam is en nie meer God se troep wat selfloos, willoos, leweloos en karakterloos God se troep is nie.

10. Wat is vir God 'n offer wat heilig en aanneemlik is?

Om jouself op te offer en soos 'n troep net God se bevel te ontvang en uit te voer, terwyl jyself niks is, niks wil wees, oor niks dink, niks voel, vir niks aanspreeklikheid, beheer en verantwoordelikheid aanvaar nie, of om jouself nie op te offer nie, maar vir God te gee?

Dit is hoekom om jouself vir God op te offer, nooit vir God aanneemlik is nie! God soek nie troepe wat niks is om net bevel uit te voer om hulle self reg te maak en reg te hou nie.

God maak sy kinders self reg en hou sy kinders self vir Hom reg, deur al hul sondes heen. God maak sy kinders vir Hom heilig en aanneemlik en daarom is hul toewyding in liefde vir Hom die werklike offer wat Hom behaag! 'n Lewende diensbare liefde en liefdevolle diens van sy kinders aan Hom.

God soek nie troepe-dissipline van sy kinders nie. Hy soek liefdevollediens en diensbare liefde. Kinders wat hul self vir die Here in liefde gee vir sy diens!

Dit is wie God ons gemaak het deur die gehoorsaamheid van Christus – kinders met geloofsgehoorsaamheid aan God hul Vader! Kinders wat hul self in liefdevollediens en diensbare liefde aan God en hul naaste gee.

11. Ons word elke dag van hierdie geloofsgehoorsaamheid deur geestelikes vervreem!

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

Die moderne Christelikheid van af Korea tot en met Paraguay is 'n onbybelse geestelikheid wat ons van geloofsgehoorsaamheid binne ons eie NG kerk en eie NG gemeentes van God vervreem.

Hierdie nuwe geestelikheid word met twee godservarings bedryf. Die eerste van hierdie twee godservarings klink so: om gered te word en vergewe te word moet jy jou eie-ek kruisig, jou moet jou eie-ek doodmaak, jy moet die beheer van jou lewe vir God oorgee, in jouself jy moet niks word nie, jy moet jouself en jou hart en lewe aan God oorgee en opgee! Wanneer jy hierdie daad uitvoer, dan sal jy vir God aanneemlik wees en God jou aanvaar!

Aanvaar as wat? As troep of as kind?

Wie moet só wees: selfloos, willoos, leweloos, persoonloos, kragloos, identiteitsloos, sonder aanspreeklikheid of verantwoordelikheid en sonder beheer in sy eie lewe?

Dit is hoe troepe moet wees, nie kinders nie.

Wie van u as ouers en grootouers wil sulke kinders en kleinkinders hê? Nou hoekom glo ons God wil mense as troep aanneem sodat hulle selfloos, willoos, kragloos en identiteitsloos net doen wat Hy sê!

Dit is hoe hierdie moderne Christelikheid ons van die wesenlike van ons godsdiens (Rom. 12:1) vervreem: om geloofsgehoorsaam aan God ons Vader te kan wees. Uit die geloof dat net Christus vir God 'n gehoorsame mens kan wees, en ek daarby ingesluit is, kan ek myself in wie ek is en wat ek doen met my eie identiteit aan God gee in diensbare liefde en liefdevolle diens.

Hoe ervaar u u toewyding aan God? As uitvoer van sy bevel terwyl jy niks moet wees nie of liefdevolle diens waarin u uself vir God gee in die wete u is vir God heilig en aanneemlik? Die sogenaamde bekering van die moderne Christelikheid vervreem ons van die doel van ons redding: geloofsgehoorsaamheid aan God as kinders vir dit wat God juis ons uit verlos het: troepe- opoffering van alles wie ons is en wat ons kan doen!

12. Die tweede manier waarop hierdie moderne Christelikheid ons van 'n lewe van liefdevolle diens en diensbare liefde aan God vervreem, is deur dit wat hulle noem die "ontvang van die krag van God", wat hulle noem "die vervulling" of "die doop met die Gees."

Dit klink só! God soek nie net gewone troepe nie. Hy soek spes-magte!

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

God se spesiale magte is die troepe wat hulle algeheel oorgegee het aan God om niks te wees nie, algeheel selfloos, willoos, kragloos en identiteitsloos. Waar die gewone troepe van God nog sukkel om selfloos te wees, het hierdie spes-magte van God dit reggekry om 'n algehele oorgawe aan God te maak en algeheel self niks te wees nie.

Paulus noem hierdie sogenaamde algehele oorgawe aan God “dade van die wet” wat glad nie gehoorsaamheid aan God is nie. Net Christus was algeheel gehoorsaam aan God en dit nie deur algeheel selfloos en willoos te wees nie, maar deur algehele liefdevolle diens en volkome diensbare liefde aan God die Vader. Hy sy ons in hierdie algehele gehoorsame liefde van Hom in sodat ons vir God heilig is: volkome in ons liefde wat Christus met ons deel.

Dit is met hulle sogenaamde algehele oorgawes om God se spes-magte te word, sy spesiale troepe mag wat hierdie geestelikes ons vervreem van die geloofsgehoorsaamheid dat waar en wanneer ek my self vir God gee uit die geloof in Christus, God hierdie liefde heilig, goed en aanneemlik laat wees.

Die werklike vervreemding is dat met hierdie oorgawe en algehele oorgawe aan God, maak hulle God jou generaal en hulle self God se korporeels. Dit terwyl Christus jou uit die lewe van 'n troep losgekoop het om God die Vader se kind te wees.

Wat hulle 'n oorgawe en 'n algehele oorgawe aan God noem, is volgens Paulus 'n dooie offer vir God generaal, nie 'n lewende offer vir God as ons Vader nie.

13. Ons kan geloofsgehoorsaam aan God wees. Ons kan en moet onself met die persoon, die lewe, die wil, die liggaamlikheid en krag wat God ons as mense mee geskape het, aan God se diens toewy. Hy maak ons reg hiervoor en Hy laat ons hiervoor reg wees.

Só kan ons elke dag 'n lewe leef waarin ek weet ek gee myself vir liefdevolle diens en diensbare liefde aan God, en Hy laat dit goed, reg, heilig en aanneemlik wees.

Christus se kerk is nie God se weermag en sy lidmate God se troepe nie! Christus se kerk is die huisgesin van God die Vader en sy lidmate is God se kinders! God se kinders wat hul Vader gehoorsaam!

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

Skrifuitlegnotas

- Rom. 1:5; Geloofsgehoorsaamheid: 'n woord wat die teenstelling vorm van die gehoorsaamheid wat Paulus “werke van die wet” Rom.3:20 noem, wat die tipe gehoorsaamheid is waarmee hy as as Jood besig was. (Fil.3)
- Dit beteken die gehoorsaamheid wat deur die geloof bewerk word, wat Paulus in dan ook in 1 Thess. 1: 3 noem die “werk van julle geloof” Nuwe direkte vertaling.
- Geloofsgehoorsaamheid beteken die gehoorsaamheid wat Christus wek in hulle wie “in Christus is” en daarom word dit in Rom. 6: 16 genoem die “gehoorsaamheid van die geregtigheid” 1933, bedoelende die gehoorsaamheid van hulle wat in Christus geregverdig is en nie soos die Nuwe Direkte vertaling stel dat dit gehoorsaamheid is wat lei tot geregtigheid nie.
- Rom. 16: 26: Presies dieselfde woord en Paulus sien hierdie woord as 'n samevatting van die bedoeling van sy verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.
- Hierdie kontras tussen geloofsgehoorsaamheid en “werke van die wet” wat nie gehoorsaamheid is nie, is deurlopend in die Romeine brief: 2: 29 “hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en die besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie.”; Dit is ook die kontras tussen die “wet van die werke” teenoor die “wet van die geloof” 3: 27.
- 5: 19: Die woord “gehoorsaamheid” (ὕπακοη) word net van Christus gebruik en nooit van die wyse waarop Jode die werke van die wet doen nie. intendeel Paulus wys dat hulle doen van die werke van die wet, is niks anders as ongehoorsaamheid nie. (5:19) (παρακοη)
- Geloofsgehoorsaamheid staan ook teenoor die gehoorsaamheid aan mense se begeerlikhede 6:12.
- Die kontras geloofsgehoorsaamheid teenoor werke van die wet word in 6: 16 gestel as gehoorsaamheid aan sonde teenoor gehoorsaamheid tot geregtigheid. (uit geloof tot geloof 1:17 is dus uit geregtigheid tot geregtigheid)
- Gehoorsaamheid is diensbaarheid aan “die geregtigheid” 6:18
- Lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking” 6: 19
- Dienskneg van sonde – is vry van geregtigheid 6:20.
- Die kontras geloofsgehoorsaamheid teenoor werke van die wet is ook die kontras van “wet van die Gees” teenoor “wet van sonde en dood” in Rom.9:2
- ‘Vol ywer sonder gehoorsaamheid, is die wyse waarop die Jode die bevel van die wet uitvoer 10:4. NB 9: 30 – 33.
- Die woord gehoorsaamheid as eie gehoorsaamheid word net van Christus gebruik in Rom. 5: 19. Die woord gehoorsaamheid in Romeine: 1:5 en 16:25 is geloofsgehoorsaamheid; In 5:18 is “een daad van geregtigheid” verkeerdelik vertaal as “een daad van gehoorsaamheid” in 1983; 14: 17 is

Christus verlos ons van die nakoming van die bevel van die wet tot geloofsgehoorsaamheid aan God

gehoorsaamheid 'n gawe en nie 'n opdrag nie; 6:16 gaan oor die “gehoorsaamheid van die geregtigheid”, en hier beteken dit dan weer geloofsgehoorsaamheid en nie 'n eie gehoorsaamheid aan die wet nie.

- Hierdie teenstelling word saamgevat in 12: 1 in die kontras tussen lewende en dooie offers, onheilige en heilige offers, en offers wat vir God verwerplik en aanneemlik is: geloofsgehoorsaamheid is die lewende, heilige en aanneemlike offer en die uitvoer van die bevel van die wet is die dooie, onheilige en verwerplike offer.